Publication: Volksblad
Date: Monday, May 11, 2020
Page: 3

KAMFERSDAM

# Goeie reën laat flaminke uitbroei

## Kenners tref sowat 2 000 kuikens aan



'n Flaminkkuiken. Die kuiken is sowat drie weke oud.
Foto's: ESTER VAN DER WESTHUIZEN-COETZER

**Charné Kemp**

Omgewingskenners was die naweek aangenaam verras toe hulle tydens hul monitering van Kamfersdam by Kimberley op sowat 2 000 wilde kleinflaminkkuikens afgekom het wat danksy 'n goeie reënseisoen uitgebroei het.

Dit volg op die reddingspoging verlede jaar toe sowat 2 000 kuikens van die verdorde dam gered en met die hand grootgemaak is. Net minder as die helfte van dié kuikens het oorleef. Meer as 600 van hulle is gering en op die dam vrygelaat.

Donovan Smith, 'n plaaslike veearts wat met die samewerking van die departement van omgewingsake by die rehabilitasie betrokke was, sê die vol dam is "nou pienk van die flaminke".

"Ons skat daar is sowat 70 000 flaminke. Danksy die goeie reën is daar genoeg alge wat die flaminke deur die winter aan die lewe sal hou. Die vorige somer, 2018-'19, het daar aanvanklik baie reën geval, waarna die flaminke begin broei het. Die droogte het die dam egter in Januarie 2019 laat verdor, wat ons genoodsaak het om die kuikens te red.

"Die reën het vanjaar later begin.

"Ons het die eerste neste en eiers in die begin van Maart gesien, waarna die Covid-19-inperking begin het en ons nie kon moniteer nie."

Smith sê die swaar reën en hewige hael wat op Goeie Vrydag en daarna geval het, kon die kuikens se getalle benadeel het as water oor die neste met eiers of kuikens gespoel het.

"Ek en twee moniteerders, Debbie Smith en Ester van der Westhuizen-Coetzer, omgewingsdeskundige van die KEM JV-diamantmaatskappy, was die afgelope naweek aangenaam verras om so baie kuikens te aanskou, en te sien dat daar genoeg alge in die dam is vir die duisende watervoëls wat daarvan leef."



Pienk volwasse flaminke vlieg oor ander volwassenes en jong gryskleurige kuikens op Kamfersdam.

Hy sê hulle het nie van die geringde flaminke gesien nie omdat daar te veel voëls is en almal met hul pote in die water staan.

"Ons grootste kommer is dat die nuwe kuikens teen die oorhoofse kragdrade bokant die spoorlyne gaan bots wanneer hulle begin vlieg.

"Transnet sou afweertoestelle aan die drade heg, maar kon dit weens die inperking nie voltooi nie. Daar is ook te min toestelle beskikbaar vir die twee spoorlyne wat langs die dam loop."

Van der Westhuizen-Coetzer sê hulle wil vir Birdlife SA en ander maatskappye vra of hulle 'n geldinsamelingsveldtog kan begin om meer toestelle te koop sodat kuikens daarmee afgeskrik kan word sodat hulle nie die kabels tref nie.

Sy pleit by mense om nie Kamfersdam te besoek en die watervoëls te versteur nie.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.